# DIE SKIETINSIDENT IN DIE KRYGSGEVANGENEKAMP TE TRICHINOPOLY, INDIë, 1902

**C. Venter**
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Stellenbosch*
*Privaatsak X1*
*7602 Matieland*

**The shooting incident in the prisoners of war camp, Trichinopoly, India, 1902**

On 3 April 1902 the sentries of the prisoners of war camp at Trichinopoly fired on the Boer prisoners of war. A few of the POW's were wounded; some later died. Until now there have existed two totally different explanations for the causes of the shooting, as well as the number of casualties. On the Boer side it was said that the sentries shot at them without any provocation and that 13 Boer prisoners of war were wounded of whom six later died. The British investigation into the shooting placed the blame squarely on the shoulders of the Boers and mentioned that only four were wounded of whom two later died.

The diary of Stephanus Francois Hugo, up till now unknown to historians, gives a new perspective on the causes of the shooting.

Op 3 April 1902 het die wagte van die krygsgevangenekamp te Trichinopoly op die Boerekrygsgevangenes geskiet. 'n Aantal van die Boere is gewond van wie sommige later beswyk het. Tot op datum bestaan daar twee uiteenlopende verklarings vir die oorsaak van hierdie skietery, asook vir die ongevalle wat die resultaat van hierdie skietery was. Van Boerekant word beweer dat die wagte sonder provokasie op die Boerekrygsgevangenes geskiet het en dat 13 gewond is van wie ses later beswyk het. Volgens die Britse ondersoek na die voorval word die skuld vierkantig op die opstandige krygsgevangenes geplaas. Volgens hierdie ondersoek is vier van die Boere gewond van wie twee later aan hul wonde beswyk het.

Die dagboek van Stephanus Francois Hugo, tot nou toe onbekend aan historici, bied 'n nuwe perspektief oor die verloop van gebeure wat tot hierdie skietinsident aanleiding gegee het.

Op 3 April 1902 is 'n aantal Boerekrygsgevangenes in Trichinopoly deur hul wagte verwond en van hierdie gewondes het later beswyk. Oor die redes wat aanleiding tot hierdie skietery gegee het, bestaan daar twee totaal uiteenlopende verklarings.

Van Boerekant word beweer dat die wagte sonder enige provokasie op die krygsgevangenes geskiet het. Die Britse ondersoek na die skietery, daarenteen, het aan die lig gebring dat die opstandigheid wat onder die krygsgevangenes geheers het, tot die voorval aanleiding gegee het. Daar word egter geen ander verklaring aangebied wat tot hierdie opstandigheid aanleiding kon gegee het nie, behalwe dat die skuld daarvoor op kommandant M.S.J.C. van Tijen gelê is. Wat presies sy aandeel aan die opstandigheid onder die

krygsgevangenes was, word nie vermeld nie.[1]

In sy dagboek gee Stephanus Francois Hugo[2], of te wel Fanie, soos hy onder sy familie en vriende bekend was, 'n duidelike beeld van hoe die spanning en verdeeldheid onder die krygsgevangenes in Trichinopoly vanaf 25 Januarie 1902 toegeneem het totdat dit op die skietery van 3 April uitgeloop het.

Fanie Hugo was afkomstig van die plaas Goede Rust in Dal Josafat naby die Paarl. Nadat hy sy skoolopleiding in Dal Josafat voltooi het, het sy ouers hom na Grahamstad gestuur om verdere onderrig in die Engelse taal te ontvang. Sy ouers was van mening dat al die eksamens wat hy reeds geslaag het nie veel sou beteken het as hy nie Engels vlot kon praat nie.[3]

Op 16 Maart 1897 het Fanie op Zeerust aangekom nadat hy sy studies in Grahamstad voltooi het. Daar het hy tot die einde van 1898 agtereenvolgens onderwys gegee op Rhenosterfontein en die Publieke Skool op Zeerust self.[4] Vanaf 16 Januarie 1899 word hy aangestel as hoof van die nuutgestigte skool te Klaarstroom in die wyk Klein-Marico.[5]

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het Fanie Hugo nie by die Boerekommando's aangesluit nie. Klaarblyklik het hy voortgegaan om onderwys te gee totdat die skool te Klaarstroom, soos ook ander skole in die omgewing, gesluit is omdat die ouers nie meer die skoolgeld kon bekostig het nie en daar nie meer 'n bydrae van regeringskant tot die skool gemaak is nie.[6]

Op 5 September 1901 is Hugo op Rhenosterfontein, die plaas van Hendrik van der Merwe in die distrik Marico, as nie-vegtende deur van lord Methuen se soldate gevange geneem. Hierna is hy eers na die krygsgevangenekamp in Groenpunt gestuur en vandaar na Indië met die skip die *Armenian*.[7] Dit is welbekend dat die Britse militêre owerhede besluit het om die Boerekrygsgevangenes na kampe elders in die Britse Ryk te stuur omdat die moontlikheid dat hulle deur die Boerekommando's uit die kampe in Suid-Afrika bevry kon word, te groot geword het. Die keuse het geval op Bermuda, St Helena, Ceylon en Indië. In Indië was daar 17 kampe waarvan Trichinopoly, Ahmednagar, Bellary en Umballa enkeles was. Ongeveer 24 000 Boerekrygsgevangenes is uiteindelik in hierdie oorsese kampe

---

H.L. van Rooyen, *Ek was 'n krygsgevangene in Indië in 1902* (Senekal, 1962), pp. 59-60; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), pp. 438-439. Oosthuizen spel die kommandant se van Van Tygen, maar Hugo se spelwyse naamlik Van Tijen kom ook voor op twee gedrukte progamme van sportbyeenkomste wat deur die sentrale sportkomitee van Trichinopoly gereël is en waarvan Van Tijen die sekretaris was. In Oorlogsmuseum, Bloemfontein 5592/31 en 5605/127 *Programma der Feestelijkheden*, 10-10-1901 en 03-03-1902.

2. Die Hugo-dagboek, foto's en ander dokumente is tot beskikking van hierdie skrywer gestel deur sy dogter, mej. Bessie Hugo, tans woonagtig in 'n aftreeoord in die Paarl. Die oorspronklike dagboek is in besit van haar broer, mnr R. Hugo van Gordonsbaai. Fotostatiese afdrukke van die dagboek is in die J.S. Gericke-biblioteek, Stellenbosch en die Hugenote-Gedenkmuseum, Franschhoek. Die waarde van hierdie dagboek lê daarin dat Fanie Hugo dit nie met die oog op publikasie geskryf het nie.
3. Onderhoud met mej. Bessie Hugo, 25-02-1993.
4. Verklaring van predikant van Zeerust - Departement van Onderwys, ZAR, 21-05-1898.
5. Inspeksieverslag van die skool by Klaarstroom, 22-03-1899; Aansoek om subsidie deur skoolkomitee van Klaarstroom, 31-01-1899, no. OR 2240/99; Superintendent van Onderwys, ZAR - S.F. Hugo, 23-05-1899, no. OR 7119/99.
6. S.F. Hugo - Ouers, 08-06-1900, 15-07-1900.
7. S.F. Hugo, Dagboek, 05-09-1901, 18-10-1901; (TAB) SO/POW 78 Staff Officer, Prisoner of War, Cape Town: Index, Cape numbers, Prisoners of War, 1900-1902.

aangehou.[8]

Op 30 November 1901 het Hugo en sy mede-krygsgevangenes in Trichinopoly aangekom. Trichinopoly was geleë op 'n kaal, uitgestrekte vlakte in die suidoostelike deel van Indië. Die warm, droë winde, die hoë en uitputtende temperatuur en die gebrek aan water het groot liggaamlike en geestelike eise aan die krygsgevangenes gestel. In die onmiddellike omgewing sowel as binne die kamp was daar niks om te sien nie en ook weinig waarmee die krygsgevangenes hulle kon besig hou. Binne hierdie kamp met sy beperkte ruimte was ongeveer 980 krygsgevangenes aangehou.[9]

In hierdie kamp sou Hugo 'n leiersrol vervul, onder meer omdat hy oor 'n goeie kennis van die Engelse taal beskik het. Onder andere was hy 'n hutkaptein en lid van 'n komitee van drie lede wat uit die 20 hutkapteins verkies is - eers as sekretaris en later as onder-voorsitter - wat as skakel tussen die krygsgevangenes en die Britse kampowerhede gedien het. Hugo, as gebore Kolonialer en nie-vegtende, het ten spyte van sy ouers en ander familie se aanhoudende pleidooie om die eed van getrouheid af te lê sodat hy na die Paarl kon terugkeer, dit eers op 18 Desember 1903 gedoen. Op 9 Januarie 1904 het hy as deel van 'n laaste groep krygsgevangenes aan boord van die *SS Clive* na Suid-Afrika teruggekeer. Hier te lande het hy hom op Goede Rust, die plaas van sy broer in Dal Josafat naby die Paarl gevestig. Vir 'n kort rukkie het hy in Dal Josafat onderwys gegee voordat hy op die plaas Klein Non Pareille in dieselfde omgewing begin boer het. As gevolg van die spanning wat tussen Hugo en sy familie ontwikkel het omdat hy so lank gewag het voordat hy die die eed van getrouheid afgelê het, het hy hom voorgeneem om na sy vrylating nie weer oor die oorlog of sy gevangeneskap te praat nie. Hugo het by hierdie besluit gebly en dit was eers na sy dood op 16 Januarie 1960 dat sy dagboek en ander korrespondensie betreffende die Anglo-Boereoorlog gevind is.[10]

Om terug te keer na die aanloop tot die skietinsident op 3 April in die krygsgevangenekamp te Trichinopoly. Dit blyk uit Hugo se dagboek dat aangeleenthede rakende sensusopname, parool en die aflegging van die eed van getrouheid aan die Britse vors groot verdeeldheid onder die krygsgevangenes onderling en spanning tussen die kampowerhede en die krygsgevangenes veroorsaak het.

Die oorsprong hiervan is klaarblyklik geleë in 'n kennisgewing van die kampkommandant van Trichinopoly, majoor G.A. Ivatt, op 25 Januarie 1902 dat alle krygsgevangenes "hunne namen, have enz" moes opgee.[11] Hugo verklaar self nie wat hy met hierdie stelling bedoel nie, maar C.C. von Maltitz, 'n medekrygsgevangene, verduidelik dat die kennisgewing verband gehou het met 'n sensusopname wat die kampowerheid onder die krygsgevangenes moes doen. Daarvolgens moes elke gevangene sy naam en van, ouderdom, nasionaliteit, dorp of distrik woonagtig, geboorteplek, name en ander inligting van naaste familie opgee en meld of hy 'n burger van die Transvaal of die Oranje-Vrystaat was. Von Maltitz het dit duidelik gestel dat, aangesien die oorlog steeds aan die gang was, die krygsgevangenes hierdie inligting nie wou verstrek nie. Indien hulle dit sou doen sou dit 'n erkenning van hulle kant wees dat die regerings van die twee republieke nie meer bestaan het nie, wat as 'n bereidwilligheid van hulle kant om Britse onderdaanskap te aanvaar, vertolk

---

8. M.C.E. van Schoor (red.), *Die Bannelinge: ABO-Boerekrygsgevangenes, 1899-1902* (Bloemfontein, 1983), p. 1.
9. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog*, pp. 170-171.
10. Onderhoud met mej. Bessie Hugo, 25-02-1993.
11. S.F. Hugo, Dagboek, 25-01-1902.

kon word.[12] Hugo bevestig Von Maltitz se verklaring as hy meld dat aan "hulle kant" van die kamp besluit is om geen inligting aan die kampowerheid te verskaf nie en dat die hutkapteins Ivatt oor hierdie besluit moes inlig.[13]

Op 26 Januarie het Ivatt aangekondig dat die krygsgevangenes persoonlik en volgens 'n alfabetiese volgorde die nodige inligting by die kampowerheid moes indien. Sommige het wel aan hierdie oproep gehoor gegee en dit het ontevredenheid in die kamp veroorsaak, want Hugo skryf op 29 Januarie: "De dagen zijn warm en het kamp zelf is woelig over de personen die iets opgaven."[14]

Die weiering van die krygsgevangenes om die nodige inligting vir die sensusopname te verskaf, het waarskynlik meegebring dat hulle die volgende oggend onder hutarres geplaas is. Volgens Hugo het hulle nie geweet waarom die kampowerheid hulle tot hulle hutte beperk het nie, maar die vermoede het bestaan dat "het ter wille was van diegenen die de Census alles opgaven aan de Engelschen, en als het ware daardoor hem als hun regering erkenden." Die hutarres is om 12:00 op 31 Januarie opgehef, maar 'n aantal krygsgevangenes is in die "cell" gesit. Weer eens verskaf Hugo nie die rede vir hierdie optrede nie, waarskynlik omdat hy nie daarvan kennis gedra het nie. Die "Generaal van India" het ook 'n besoek aan die kamp gebring en sy teleurstelling uitgespreek oor die onrus wat in die kamp geheers het. Landdros George Glaeser Munnik het die generaal meegedeel dat die bestaan van twee groepe in die kamp, naamlik die "boere en die jingoes", die oorsaak van die onrus was. Eers wanneer die twee groepe geskei sou word, sou die rus en orde weer herstel kon word, aldus Munnik.[15]

Dit wil voorkom asof Munnik se voorstel deur die kampowerhede ter harte geneem is. Op 1 Februarie het die kampkommandant alle krygsgevangenes laat aantree en aangekondig dat almal wat hulle in die kamp onveilig gevoel het, op eie versoek na 'n ander kamp oorgeplaas sou word. 'n Honderd man, "bijna allen jingoes", het hierdie aanbod aanvaar. Gedurende die volgende drie dae het die kampowerheid weer 'n tevergeefse poging aangewend om die inligting wat vir die sensus benodig was, van die krygsgevangenes te verkry. Op 7 Februarie 1902 is daar "weder een ander papier bom voorgebracht"[16] en die inhoud daarvan het selfs groter verdeeldheid en spanning onder die krygsgevangenes veroorsaak as die sensus. Die "papierbom" waarna Hugo verwys was 'n orderbrief wat Ivatt in die kamp bekend moes maak en waarin daar die volgende twee vrae voorgekom het waarop die krygsgevangenes persoonlik moes antwoord:

*1. Will you be willing to give the oath of allegiance now or after the war?*
*2. Will you be willing to give parole?*

Vir duidelikheidshalwe is bygevoeg dat die vrae nie verband hou met die sensusopgawe nie en dat die vraag in verband met parool diegene wat positief daarop antwoord, geensins tot

---

Oorlogsmuseum, Bloemfontein 4789/3 C.C. von Maltitz, Dagboek van Krijgsgevangeneschap te Trichinopoly, Indië, pp. 159-160.

13. S.F. Hugo, Dagboek, 25-01-1902.
14. S.F. Hugo, Dagboek, 29-01-1902.
15. G.G. Munnik, *Memoirs: covering eighty years of thrilling South African politics and war* (Cape Town, 1934), p. 198. Munnik verklaar as volg: "I do not know why everyone designated me as 'Landdrost', problably because I was so called in the original sheet which came from Africa." Munnik was voor die Anglo-Boereoorlog landdros van Boksburg.
16. S.F. Hugo, Dagboek, 30-01-1902 - 07-02-1902.

enigiets verbind nie. Slegs getalle en geen name nie moes aan die Britse militêre owerhede gestuur word.[17]

Die inwoners van hut no 15, met Hugo as die hutkaptein het op vraag 1 'n besliste "neen nooit" geantwoord en op vraag 2 aanvanklik "dat het alleen een heuning kwasje is dus ook neen" en toe volgens sy dagboek "dat op een eerlijke wijse wij het voor een bepaalden tijd zullen geven."[18] Dit is so dat Hugo en vier vriende, soos so baie ander krygsgevangenes, wel op 23 Julie 1902, dit wil sê na vredesluiting op 31 Mei, van die paroolvoorwaarde gebruik gemaak het en die stad Trichinopoly besoek het, maar gedurende Februarie en Maart was die paroolkwessie 'n ernstige en verdelende aangeleentheid in die kamp.

Uit Hugo se dagboekinskrywings gedurende 16 Februarie tot 3 Maart kan die afleiding gemaak word dat die kampowerheid onder paroolvoorwaardes 'n sekere aantal krygsgevangenes uit Trichinopolykamp wou wegstuur sodat 'n nuwe groep daar opgeneem kon word. Tydens die mediese inspeksie op 16 Februarie is die name van die ouer garde, die siekes en kinders deur die kampowerheid laat aanteken. Twee dae later is 350 man aangesê om gereed te wees om na Wellingtonkamp te gaan.[19] Volgens S.P.R. Oosthuizen is hierdie kamp teen die einde van die oorlog aangelê en het dit as 'n deurgangskamp gedurende die repatriasietydperk gedien.[20] Wellington was wes van en hoër bo seevlak geleë as Trichinopoly en dus ook nie so warm nie.[21] Uit hut 15 is ses persone aangesê om gereed te maak om na Wellingtonkamp te gaan. Van diegene wat aangesê is om te gaan het geweier omdat hulle nie gewillig was om parool te aanvaar nie. Teen 10:00 die oggend van 21 Februarie het die uitgesoekte persone vertrek. Oor hierdie vertrek meld Hugo dat 'n honderd "jingoes kwamen eerst aan de beurt om voort te gaan maar O! Wee! zij worden bespot en gehoot[22] de (sic) burgers op een jammerlijke wijze. Daarna komen de overige 350 begeleid door eenige Sergeanten en word vriendelik begroet en de twee volksliederen werden hem toegezongen. Zoo vertrokken zij dan en wij keerden naar onze hutten om af te wachten wat zou volgen" het hy veelbetekenend bygevoeg.[23]

Hugo se beskrywing van die vertrek van die krygsgevangenes illustreer die verdeeldheid wat onder die krygsgevangenes bestaan het en ook die minagting teenoor die sogenaamde "jingoes" of persone wat beskou is as verraaiers. Die jingo's waarna hy verwys, was klaarblyklik diegene wat bereid was om die paroolvoorwaardes vrywillig te aanvaar en wat waarskynlik ook bereid was om die eed van getrouheid af te lê. Die moontlikheid bestaan dat die meerderheid wat vriendelik gegroet is die siekes, die ouer krygsgevangenes en kinders was wat nie veel van 'n keuse gehad het toe hulle aangesê was om na Wellingtonkamp te gaan nie. Soos reeds vermeld het daar 350 nuwe krygsgevangenes op 3 Maart in Trichinopolykamp aangekom[24] om die plek te vul van diegene wat na

---

17. Hierdie inligting verskaf Hugo in 'n afsonderlike notaboek onder die datum 07-02-1902. Hierdie notaboek het geen titel of bladsynommers nie. In sy Dagboek onder 07-02-1902 gee hy die twee vrae in Nederlands.
18. S.F. Hugo, Dagboek, 07-02-1902 en Notaboek, 07-02-1902.
19. S.F. Hugo, Dagboek, 16-02-1902.
20. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog*, p. 175.
21. S.F. Hugo - Ouers, 06-03-1902; H.L. van Rooyen, *Ek was 'n krygsgevangene in Indië in 1902* (Senekal, 1962), p. 37.
22. Hugo gebruik "gehoot" en nie "gehoon" nie.
23. S.F. Hugo, Dagboek, 18-02-1902 - 21-02-1902.
24. S.F. Hugo, Dagboek, 03-03-1902.

Wellingtonkamp gestuur is.

Op 4 Maart is nog 'n "klein bommetjie" in die kamp "geschoten" toe paroollyste aan die hutkapteins oorhandig is. Die inhoud van die "papierbom" het as volg gelui:

> *Some men are required for the Hill Camp (Wellington). Those wishing to go and willing to sign the parole can give their names to their Section Sergeant any time today until tomorrow morning before Roll Call. The number to go will be taken from these.*
>
> *Parole*
>
> *I the undersigned hereby give my word of honour:*
>
> *Not to try to escape.*
>
> *II To remain within the boundaries made by the Camp Commandant.*
>
> *III To observe all the Rules and Regulations made by the Camp Commandant.*

Nadat Hugo hierdie inligting aan die inwoners van hut 15 bekend gemaak het, het vyf Duitsers hul name opgegee vir parool.[25] In die daaropvolgende week het Hugo gereeld verwys na krygsgevangenes wat die paroolvoorwaardes aanvaar het en dan Trichinopoly verlaat het. Soms, soos op 22 April het hy beweer dat diegene wat aangesê is om gereed te wees om Trichinopolykamp te verlaat nie geweet het waarheen hulle gestuur sou word nie. Dit het waarskynlik die gevoel van onsekerheid onder die krygsgevangenes verhoog. Op 10 Maart het hy weer in sy dagboek aangeteken dat tien krygsgevangenes van die "parolers kamp te Wellington" na Trichinopoly teruggekeer het omdat hulle geweier het om die paroolvoorwaardes te aanvaar.[26]

Die onsekere en onrustige omstandighede wat deur die sensus- en paroolkwessie in Trichinopolykamp geskep is, het Hugo nie onaangeraak gelaat nie en dit wil voorkom asof hy daaraan oorweging geskenk het om die paroolvoorwaardes te aanvaar. Aan sy ouers skryf hy op 6 Maart dat groot veranderings in die kamp plaasgevind het en hy meld die vertrek en aankoms van krygsgevangenes aldaar. Wat homself betref, skryf hy dat "I have come to the resolution, however, to stay here as I am afraid to make changes as all changes are not for the better and besides other causes. This place I know what it is like. It is warm but healthy as very few cases of sickness appear."[27] Hugo het waarskynlik hierdie neutrale stelling gemaak omdat die brief gesensor sou word en hy hom nie self wou inkrimineer nie.

Die spanning onder die krygsgevangenes in Trichinopoly het toegeneem en volgens Hugo was hulle in oproer omdat van hulle gevange geneem is en dan 'n nag in die sel moes deurbring terwyl hulle moontlik onskuldig was. Hy gee ongelukkig geen verdere agtergrond vir hierdie gebeure nie, maar meld dat 'n groot vergadering op 25 Maart in die

---

25. S.F. Hugo, Notaboek, 04-03-1902; Dagboek, 04-03-1902.
26. S.F. Hugo, Dagboek, 10-03-1902, 27-04-1902.
27. S.F. Hugo - F.J. Hugo, 06-03-1902. Hugo se korrespondensie met sy vader en broer was in Engels gevoer. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat briewe wat in Engels geskryf was, vinniger deur die sensors hanteer is.

ontspanningsaal gehou is om die aangeleentheid te bespreek. Moontlik as 'n uitvloeisel van hierdie vergadering het die 20 hutkapteins die volgende dag byeengekom en uit hulle geledere is 'n uitvoerende komitee van drie lede verkies met Hugo as sekretaris. Hierdie komitee moes alle probleme en klagtes van die krygsgevangenes aan die kampkommandant voorlê. Toe die voorsitter van die komitee bedank het, is Hugo as ondervoorsitter van die komitee aangewys terwyl die persoon wat dié amp beklee het, die voorsitter geword het.[28] Ongelukkig het Hugo nie die ander lede van die komitee geïdentifiseer nie.

Op 2 April 1902 het 'n insident plaasgevind wat die spanning in die kamp sou laat oplaai, tot die dood van twee krygsgevangenes sou lei en die kampowerheid streng strafmaatreëls teen die krygsgevangenes sou laat toepas. Hugo, wat uit hoofde van sy amp as sekretaris van die komitee van hutkapteins in 'n gunstige posisie was om die korrekte feite te bekom, het die volgende inligting oor hierdie aangeleentheid verskaf. Gedurende die aand van 2 April wou die polisie wat op daardie stadium besope was, vir W. Olivier, een van die krygsgevangenes, in die tronksel gaan toesluit, maar die Boere het dit verhoed. Die volgende oggend het die kampkommandant die kamp binnegekom en Olivier ontbied. Toe Olivier die bevel verontagsaam, het die kampkommandant gewapende versterkings aangevra, maar die Boere het verhoed dat Olivier gevange geneem word. 'n Gevaarlike situasie is ontlont toe die kampkommandant en soldate die kamp op versoek van die Boere-offisiere verlaat het. Met die vertrek van die Britse soldate is hulle deur die krygsgevangenes uitgejou en die aand het hulle die polisie ook uit die kamp gejaag. Later die aand "liep men om het kamp en vijf-en-twintig voor tien werd drie schoten op hem gevuurd door de wachten met het gevolg dat vier gekwets werden waarvan een Botha[29] dien nacht stierf aan de wonden". Twee dae later het nog een van die gewondes, Jan Pieter Willem Viviers,[30] aan sy wonde beswyk. Teen 18 April was die amptelike ondersoek na hierdie skietery op 3 April afgehandel en op 5 Mei deel Hugo mee dat inligting ontvang is dat kommandant van Tijen (of Tygen) en W. Olivier - waarskynlik die persoon wie se verset teen sy gevangeneming tot die skietery aanleiding gegee het - onderskeidelik 15 en 12 maande tronkstraf opgelê is.[31]

Hugo se weergawe van hierdie ongelukkige en tragiese insident stem in hooftrekke ooreen met die bevindinge in die amptelike verslag oor hierdie gebeurtenis. Uit die verslag blyk dit dat die krygsgevangenes die wagte met klippe gegooi het en dat dit gelyk het asof hulle uit die kamp wou uitbreek. Dit verklaar waarom die wagte op die gevangenes gevuur het. Geen bevestiging kon uit ander bronne vir die bevinding gevind word nie. Die verslag meld ook dat die Boerekommandant Van Tijen die skuld gekry het vir die oproer in die kamp en daarom tronkstraf opgelê is.[32]

Inligting wat Gustav Preller, die bekende skrywer van vele historiese werke, van veldkornet Frans Fourie ontvang het, bevestig in breë trekke Hugo se weergawe van hierdie insident. Alhoewel Preller geen name van die betrokkenes of die presiese datum waarop die insident plaasgevind het, verskaf nie, is die ooreenkoms tussen sy en Hugo se mededelings so ooglopend dat daar geen twyfel kan bestaan dat hulle na een en dieselfde insident verwys het nie. Volgens Preller, 'n Boerekrygsgevangene wat in die Wellingtonkamp in Indië

28. S.F. Hugo, Dagboek, 26-03-1902, 21-04-1902; S.F. Hugo - P.J. Hugo, 20-06-1902.
29. Dit moes Willem Johannes Botha gewees het volgens M.C.E. van Schoor, *Die Bannelinge: ABO-Boerekrygsgevangenes, 1899-1902* (Bloemfontein, 1983), p. 11.
30. M.C.E. van Schoor, *Die Bannelinge*, p.11.
31. S.F. Hugo, Dagboek, 02-04-1902 - 05-04-1902, 18-04-1902 en 05-05-1902.
32. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog*, pp. 438-439.

aangehou is, het 'n mede-krygsgevangene, veldkornet Fourie, verlof van die militêre owerhede gekry om sy neef in Trichinopoly te besoek. Tydens die besoek, wat in April (1902) plaasgevind het, het 'n krygsgevangene (dit moes Olivier gewees het) in die hut langs die een waarin Fourie en sy neef hulle bevind het so 'n lawaai opgeskop dat 'n besope Britse soldaat hom probeer stil maak het. Na 'n hewige woordewisseling het die soldaat Olivier by die kampkommandant gaan aangee. Gewapende soldate is gestuur om Olivier gevange te neem, maar hy het die hut se deur in hulle gesig toegeslaan terwyl sy vriende tussenbeide getree het en sy kant gekies het. Die soldate kon hom met geweld gevange geneem het, maar het blykbaar die beginsel "dat 'n man se huis sy kasteel is", toegepas en het onverrigter sake die kamp verlaat. Twee offisiere wat toe gestuur is, kon ook nie daarin slaag om Olivier te kalmeer nie. Sy vriende het hom toe oorreed om die offisiere te vergesel op voorwaarde dat hy weer die aand sou kon terugkeer. Toe dit donker geword het en hy nog nie terug was nie, het van die krygsgevangenes, nadat opruiende toesprake gelewer is, 'n optog gehou terwyl die volkslied gesing is. Dit was gedurende hierdie optog dat die wagte op die krygsgevangenes geskiet het en een gedood en drie gewond het waarvan een later aan sy wonde beswyk het.[33]

H.L. van Rooyen, ook 'n krygsgevangene, gee egter 'n totaal ander beskrywing van die gebeure wat tot die skietery aanleiding gegee het. Volgens hom was dit 'n vaste gebruik dat die jonger krygsgevangenes saans deur die kamp geloop en sing het. Toe hulle op die aand van 3 April weer vergader het om te sing, het die wagte op hulle begin skiet en is 13 gewond van wie ses later gesterf het. Volgens Van Rooyen is Van Tijgen as sondebok uitgesoek omdat die Engelse kampowerhede vermoed het dat hy 'n aandeel in J.L. de Villiers se suksesvolle ontsnapping gehad het en daarom het hulle hom sedertdien deeglik dopgehou.[34] Die bewering word ook gemaak dat daar van Boerekant ontken is dat daar voor die skietery enige wanorde of opstandigheid in die kamp geheers het.[35]

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar twee weergawes oor die oorsaak van die skietery op 3 April bestaan. Van Rooyen se weergawe dat 'n onskuldige loop en sing van 'n groep krygsgevangenes daartoe aanleiding gegee het, kan nie ten volle aanvaar word nie. Volgens Hugo se dagboek is dit duidelik dat sedert 25 Januarie, toe met die sensusopname onder die krygsgevangenes begin is, die onrus in die kamp begin toeneem en algaande vererger. Von Maltitz bevestig Hugo se getuienis dat die sensusopname groot opskudding in die kamp veroorsaak het. Van die jongmanne het selfs so ver gegaan om 'n hutkaptein te lyf te gaan omdat hy inligting rakende die sensus ingehandig het. Die Boereoffisiere het besluit dat geen inligting aan die kampowerhede gegee sou word nie. Daarop het die kampowerheid die krygsgevangenes verhoed om met hulle offisiere kontak te maak. Toe S.J.J. Lottering hierdie maatreël oortree, is hy gearresteer. Von Maltitz beweer ook dat hierdie optrede die gevangenes opstandig gemaak het en dat die wagte verdubbel is.[36]

Veldkornet Fourie het tydens sy besoek aan Trichinopoly gevind dat as gevolg van ledigheid daar onder 'n deel van die krygsgevangenes 'n rustelose en "kriewelige" gees

33. G.S. Preller, *Ons parool: dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene* (Kaapstad, 1943), pp. 83, 85, 87-90; *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* I, pp. 673-674.

34. H.L. van Rooyen, *Ek was 'n krygsgevangene in Indië in 1902*, pp. 59-60; J.L. de Villiers, *Hoe ek ontsnap het* (Kaapstad,1934).

35. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog*, p. 439.

36. Oorlogsmuseum, Bloemfontein 4789/3 C.C. von Maltitz, Dagboek van Krijgsgevangeneschap te Trichinopoly, Indië, pp. 160-161.

geheers het - wat sekerlik te verstane is waar so 'n groot aantal mense maandelank in 'n kamp aangehou word. Hierdie rustelose gees is klaarblyklik verder oor 'n lang tydperk aangewakker deur opruiende toesprake wat in die ontspanningsaal gelewer is. Fourie het beweer dat hy die atmosfeer in Trichinopoly "nukkerig, ongedurig en onaangenaam" gevind het. Voorts het Fourie gemeld dat "n wilde en redelose termult onder die gevangenes" - waarskynlik die skietinsident wat in hierdie artikel beskryf word - een van die redes was waarom hy met die toestemming van die militêre owerhede sy neef uit Trichinopoly weggeneem en na Wellingtonkamp geneem het.[37] Fourie se mededelings onderstreep Hugo se weergawe van die krygsgevangenes se opstandigheid wat gelei het tot die skietinsident van 3 April.

'n Verdere uitvloeisel van die gebeure van 3 April was dat die voorregte van die krygsgevangenes "zoals brieven, geld enz" tot 17 April hulle ontneem is. Op 17 April is hierdie voorregte herstel, maar die krygsgevangenes kon nog nie hul geld kry nie. Op 21 April is die hutkapteins aangesê om 'n lys op te stel van diegene wat geld benodig het. Die geld sou egter volgens Hugo "niet meer uitbetaald worden maar op bewijs of *good for* gegeven worden". Hierdie optrede het die ontevredenheid vermeerder en die hutkapteins het die kampkommandant oor die aangeleentheid genader.[38] Ongelukkig meld Hugo nie wat die resultaat van hierdie onderhandeling was nie.

Klaarblyklik in 'n poging om die krygsgevangenes se omstandighede so onaangenaam as moontlik te maak en sodoende hul weerstand te breek, het die kampowerheid hulle rantsoene verminder, die melkvoorsiening heeltemal beëindig en die kokke verminder sodat Hugo meld dat hulle self sou moes kook.[39] Ook in hierdie verband het Hugo in gebreke gebly om aan te toon hoe lank hierdie strafmaatreëls van toepassing was.

Op 31 Mei 1902, die dag toe vrede in Pretoria gesluit is, het die kampkommandant die hutkapteins byeengeroep en verneem waarom hulle steeds geweier het om die sensuslyste in te vul. Hulle antwoord was duidelik dat so lank die oorlog voortgeduur het, hulle dit nie kon doen nie, aangesien hulle daardeur die Britse regering as hulle eie sou erken. Die basis vir hierdie standpunt van die hutkapteins is die volgende dag, 1 Junie, onder hulle uitgeruk toe kennis ontvang is dat die oorlog beëindig is. Twee dae later het die Britse soldate "Vele vlagen geheschen ter wille van 't maken der vrede" en op Sondag, 8 Junie is 'n dankdag gehou.[40]

Vredesluiting het egter nie die verdeeldheid wat onder die krygsgevangenes geheers het, beëindig nie. Hugo maak melding van 'n groot onaangenaamheid in die kamp "door 't dippen en slaan van menschen" wat tot gevolg gehad het dat 33 man wat as die belhamels beskou is, 'n nag in die selle deurgebring het.[41] Hugo bied geen verklaring vir hierdie optrede nie, maar 'n logiese afleiding is dat diegene wat as jingo's of verraaiers beskou is, deur 'n groep bittereinders in toiletemmers gedip is. Sulke optrede het ook in ander kampe plaasgevind.[42]

Op 27 Junie 1902 het die krygsgevangenes kennis gekry dat almal die eed van getrouheid aan die Britse koning moes aflê. Aangesien die eedaflegging 'n voorvereiste was

37. G.S. Preller, *Ons parool: dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, p. 87.
38. S.F. Hugo, Dagboek, 17, 18 en 21 April 1902.
39. S.F. Hugo, Dagboek, 3 en 5 Mei 1902.
40. S.F. Hugo, Dagboek, 31-05-1902 - 08-06-1902.
41. S.F. Hugo, Dagboek, 12-06-1902 - 16-06-1902.
42. S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog*, pp. 494-495.

vir hulle terugkeer na Suid-Afrika, het daar groot onsteltenis onder die bittereinders in Trichinopoly geheers omdat hulle nie geweet het wat om te doen nie. Enersyds wou hulle na Suid-Afrika terugkeer, maar andersyds wou hulle nie die eed van getrouheid aflê nie. In die daaropvolgende weke totdat Trichinopolykamp op 10 September 1902 gesluit is, verwys Hugo by 'n paar geleenthede daarna dat baie van die krygsgevangenes die eed van getrouheid afgelê het. Daarna het groepe krygsgevangenes die kamp begin verlaat en sy laaste aantekening in hierdie verband was op 6 September toe 364 man na Suid-Afrika vertrek het terwyl hy een van die onversoenlikes was wat in die kamp agtergebly het. Vier dae later, op 10 September, toe Trichinopolykamp amptelik gesluit is, was Hugo volgens sy eie mededeling een van die laaste groep van 437 krygsgevangenes wat na Bellarykamp oorgeplaas is.[43]

Dit is dus uit Hugo se dagboek duidelik dat sake soos die sensusopname, parool en die aflegging van die eed van getrouheid aan die Britse vors die bestaande spanning, prikkelbaarheid en frustrasie van die krygsgevangenes as gevolg van hulle aanhouding tot breekpunt gebring het. Die poging om Olivier gevange te neem was klaarblyklik die vonk wat die gemoedere laat ontplof het. Om aan die kampowerhede te illustreer dat hulle hulle nie sou laat "kneg" nie, is opruiende toesprake gelewer en daarna is 'n optog gehou terwyl die volkslied gesing is. Die gevolg was dat die wagte om die kamp deur gewapende soldate versterk is.[44] In hierdie gespanne situasie waar die krygsgevangenes die soldate met klippe bestook het en die indruk gewek is dat hulle uit die kamp wou uitbreek - indien die inhoud van die amptelike verslag oor die gebeure geglo kan word - het die wagte op die krygsgevangenes gevuur en twee Boere gedood.

43. S.F. Hugo, Dagboek, 15-06-1902, 27-06-1902, 08-07-1902 - 10-07-1902, 06-09-1902, 10-09-1902; S.P.R. Oosthuizen, *Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog*, pp. 535-536.

44. G.S. Preller, *Ons parool: dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, pp. 88-89.